Precept™

Voorskrif op Voorskrif

AFR20

# Johannes

**Deel 01 van 02 // Die Woord het Vlees Geword (Hoofstuk 1–11)**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Goeiedag!

Ons is so bly dat jy besluit het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om reg te laat geskied aan jou roeping in Jesus Christus. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op sosiale media by *www.facebook.com/precept.africa* en *www.instagram.com/precept.africa.*

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en *"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"* (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

instagram.com/precept.africa/

facebook.com/precept.africa/

Voorskrif op Voorskrif®

# Johannes

Deel 1

## Die Woord het vlees geword

(Hoofstuk 1–11)

This is a special Precept edition.
This work is a translation from the original Precept Upon Precept study,

JOHN PART 1
THE WORD BECAME FLESH
(CHAPTERS 1-11)

1st Edition © 2022 Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee, U.S.A.
Used with permission.

ALL RIGHTS RESERVED

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International The Inductive Bible Study People, the Plumb Bob ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God's Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

Hierdie is 'n spesiale Precept-uitgawe, oorspronklik in Engels gepubliseer.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

JOHANNES DEEL 1
DIE WOORD HET VLEES GEWORD (HOOFSTUK 1–11)

ALLE REGTE VOORBEHOU.
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Tensy anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit
Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling: Hoofletteruitgawe (AFR20HL).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

© Eerste uitgawe 2025

PRECEPT SOUTH AFRICA
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (021) 531-1836

Gedruk in Suid-Afrika
November 2025

Precept™
SOUTH AFRICA

instagram.com/precept.africa/

facebook.com/precept.africa/

Voorskrif
op
Voorskrif®

# Inhoud

Inhoud


| Bladsy | Les |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Hoofstuk 1 |
| 13 | LES TWEE: Hoofstuk 1 en 2 |
| 25 | LES DRIE: Hoofstuk 3 en 4 |
| 35 | LES VIER: Hoofstuk 5 |
| 45 | LES VYF: Hoofstuk 6 |
| 55 | LES SES: Hoofstuk 7 |
| 65 | LES SEWE: Hoofstuk 8 en 9 |
| 77 | LES AGT: Hoofstuk 10 |
| 85 | LES NEGE: Hoofstuk 11 |
|  | **Bylaag** |
| 97 | Johannes-waarnemingswerkblaaie |
| 141 | “Johannes 1–11 Oorsigwerkblad” |
| 143 | “Jesus” |
| 147 | “Israel in Christus se tyd” |
| 148 | “Kaart van Jerusalem” |
| 150 | “Israel se feeste” |
| 152 | Hoe om ’n hoofstukstudie te doen |
| 154 | Meer oor Precept |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010*

The New Inductive Study Bible – New American Standard Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

Griekse woordstudiehulpmiddels

## AANBEVOLE KOMMENTARE

WALVOORD, JOHN F., ZUCK, ROY B., EDS.
The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures
*Wheaton, Illinois: Victor Books, 1983-c1985*

TASKER, R.V.G.
Tyndale New Testament Commentaries: John
*Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 1960*

TENNEY, MERRILL C.
The Expositor's Bible Commentary: John
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1995*

BORCHERT, GERALD
The New American Commentary: Vol. 25A—John 1–11
*Nashville, Tennessee: B&H Publishing Group, 1996*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware
Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelwoordeboeke, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

# LES EEN
# Hoofstuk een

WAT HIERDIE LES INSLUIT

In die Bylaag:
- Waarnemingswerkblad van Johannes 1
- "Johannes 1–11 Oorsigwerkblad"
- "Jesus"

Woordstudies
Kruisverwysings

**"En die Woord het vlees geword … en ons het sy heerlikheid aanskou …" (Johannes 1:14). Ons gebed vir hierdie eerste les oor die Evangelie volgens Johannes is dat Christus 'n groter werklikheid vir ons sal word namate ons sy heerlikheid aanskou, dat die aanskoue van sy heerlikheid tot geloof sal lei, en dat ons in geloof die werke wat Hy doen – en nog groter dinge – sal doen. Ons gaan die volgende nege weke ons gedagtes en ons harte met Johannes se onfeilbare waarhede vul.**

**Kom ons spring weg!**

## DAG EEN

1. Jy moet uit die staanspoor die gewoonte aankweek om vir verheldering te bid voordat jy begin studeer. Vra vir die Here wat jy danksy jou studie moet weet, verstaan en toepas.

2. Kom ons skop nou ons studie af deur die skrywer en doel van die Evangelie volgens Johannes te bekyk – hoekom God die skrywer gekry het om dit te skryf.

   a. Kom ons neem eers waar waarom die Evangelie volgens Johannes geskryf is. Lees Johannes 20:30-31 en skryf hier onder neer wat jy oor die skrywer se doel vasstel.

© 2025 Precept South Africa

b. Aangesien die skrywer van hierdie Evangelie nie sy naam noem nie, kom ons kyk wat hy in die boek oor homself sê. Lees Johannes 21:20-25. Maak ’n lys hier onder van die maniere waarop hy homself identifiseer, asook enige insigte wat jy oor hom wil onthou.

c. Jy sal die “**Oorsigwerkblad vir Johannes 1–11**” in die Bylaag van hierdie werkboek opspoor. Teken die Skrywer en Doel aan in die ruimtes wat verskaf word. Hou hierdie werkblad vir die res van hierdie les byderhand.

3. Ons weet nou hoekom die Evangelie volgens Johannes geskryf is. Kom ons begin dus ons studie met hoofstuk 1.

   a. Begin deur Johannes 1:14, 17 te lees. Wie is die Woord?

   b. Lees nou Johannes 1:1-18 en merk verwysings na Jesus.*

   ’n Asterisk [*] wys dat daar ’n voorgestelde simbool vir die woord op die Sleutelwoordboekmerk op hierdie werkboek se agterflap is.

   c. Maak ’n lys op die “**Jesus**”-bladsye in die Bylaag van wat die teks oor Hom sê.

4. Kom ons maak ’n boekmerk wat ons vir die duur van ons studie kan gebruik voordat ons voortgaan.

   Knip die Sleutelwoordboekmerk wat hier bo genoem word uit, skryf die woorde in die lys hier onder op die ongedrukte kant en merk dit soos wat jy dit oral in die Evangelie volgens Johannes gaan merk. Gebruik simbole en/of kleure.

   a. verwysings na tyd,* byvoorbeeld *in die begin* en *ná*

   b. *glo**

   c. *lewe* (sien *ewige lewe**)

   d. *getuienis*, *getuig*

Daar sal ander herhalende sleutelwoorde en -frases in Johannes wees namate ons ons studie voortsit. Voeg hulle by jou lys op die boekmerk wanneer jy aangesê word.


© 2025 Precept South Africa

5. Neem Johannes 1:1-18 waar deur die woorde wat jy op die Sleutelwoordboekmerk gelys het, asook ander herhalende woorde wat jy in daardie verse sien, te merk.

6. Hoe pas vers 1-18 by die doel waarom Johannes skryf?

*Geliefde, glo jy dat Jesus die Christus, die Seun van God, is? Lewe jy in sy Naam? Is daar mense in jou invloedsfeer wat nie glo nie?*

*Stop en bid voordat jy voortgaan. As jy glo, bid dat God jou deur hierdie boek sal toerus om te getuig teenoor mense wat nie glo nie. As jy nog nie glo nie, vra God om die waarheid aan jou te openbaar. Sy Woord bring lewe!*

7. Jy het seker gesien dat party versnommers in vet druk is. Dit is hoe die vertalers paragraafverdelings aandui.

   Lees vers 1-18 weer deur, paragraaf vir paragraaf. Som elke paragraaf hier onder of in jou Waarnemingswerkblad se kantlyn met 'n paar woorde uit die teks op.

   a. 1-5

   b. 6-8

   c. 9-13

   d. 14-18

© 2025 Precept South Africa 

8. Gebruik ten slotte 'n paar woorde uit die teks om vers 1-18 se onderwerp op te som. Teken hierdie tema onder "Hoofstuktemas" op jou "Oorsigwerkblad vir Johannes 1–11" aan. Jy kan dit met 'n potlood doen, ingeval jy jou tema later wil aanpas.

*Terwyl jy vandag se opdragte doen, buig voor die Vader en dank Hom vir Jesus – die Woord, die Lig, die heerlikheid van die Vader. Aanbid Hom!*

## DAG TWEE

1. Onthou om vandag met gebed te begin voordat ons Johannes 1:1-18 verder ondersoek.

2. Lees Johannes 1:1, 14. Kom ons probeer die "Woord" beter verstaan. Gebruik woordstudie-hulpmiddels om die Griekse woord wat as "Woord" vertaal word op te soek. Skryf die definisie en Westerse transliterasie[1] neer.

   Lees die hoofstukke "It's All Greek to Me!" en "How to Use Word Study Tools" in *How to Study Your Bible* (Slegs in Engels beskikbaar).

3. Lees Hebreërs 1:1-3. Hoekom dink jy word daar na Jesus as "die Woord" verwys?

1. Transliterasie beteken om 'n Griekse woord in ons alfabet oor te skryf.


© 2025 Precept South Africa

4. Johannes 1 sê: "die Woord was by God, en die Woord was God." Johannes 1:14 sê: "die Woord het vlees geword," en 1:18 praat van "die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is." Bestudeer die volgende kruisverwysings en vra jouself of jy glo dat Jesus God is.

   a. Johannes 10:30-33

   b. Filippense 2:6-11

   c. Kolossense 2:9

5. Jy het gesien dat alles deur Jesus, die Woord, ontstaan het. Lees die volgende Skrifgedeeltes en vergelyk dit met Johannes 1:1-3, 10. Teken jou insigte aan:

   a. Genesis 1:1-2, 26 – Die Hebreeuse woord vir "God" in hierdie verse word as *Elohim* getranslitereer. Die "*im*"-agtervoegsel in Hebreeus dui meervoud aan. Die persoonlike en besitlike voornaamwoorde "Ons" en "ons" in vers 26 weerspieël ook die meervoudvorm.

   b. Kolossense 1:13-17

c. Hebreërs 1:1-3 (Ons weet jy het dit pas gelees, maar ons ondersoek 'n ander aspek daarvan.)

d. Hebreërs 1:8, 10

e. 1 Korinthiërs 8:6

*Hoekom bestaan jy? Vir wie lewe jy?*

## DAG DRIE

1. Ons sit vandag ons studie van Johannes 1 voort. Lees weer Johannes 1:1-18 nadat jy gebid het.
2. Merk *lig* in vers 4-9. Maak 'n lys van wat hierdie verse oor die *lig* sê.

3. Hoekom dink jy verwys die teks na Jesus, die Woord, ook as "die lig"?


© 2025 Precept South Africa

4. Kom ons gaan verder en bekyk vers 11-13 van naderby. (Ons gaan volgende week die Johannes wat in vers 6-8 en 15 genoem word in meer diepte ondersoek.) Wat leer vers 11-13 jou oor die Woord – Jesus, die Seun van God? Waar lê die teenstelling?

5. Het jy in hierdie stadium van jou studie enige idee na wie "sy eie mense" in vers 11 verwys? Indien nie, soek 'n moontlike antwoord terwyl jy Johannes bestudeer.

6. Wat gebeur met diegene wat Hom aanvaar en in sy Naam glo?

7. Vergelyk die volgende teksgedeeltes met Johannes 1:11-13.

   a. Galasiërs 3:26

   b. Filippense 2:14-16

   c. 1 Johannes 3:1

© 2025 Precept South Africa

8. Volgens Johannes 21:24 is die dissipel wat hierdie boek geskryf het se getuienis geloofwaardig.

   a. Vergelyk Johannes 21:24 met Johannes 1:14.

   b. Het God vlees, mens, geword? Hoe weet jy?

   c. Die apostel Johannes het ook die sendbrief 1 Johannes geskryf. Wat staan in 1 Johannes 1:1-3?

9. Kom ons kyk laastens hoe die Woord vlees geword het. Lees Matteus 1:1, 18-25 en skryf neer wat jy daaruit leer.

*Druk deur, Geliefde! God het hierdie boek vir jou geskryf sodat jy sy Seun kan ken en in Hom kan glo. Voltooi die wedloop!*

## DAG VIER EN DAG VYF

Ons het in Johannes 1:1-18 waargeneem dat Johannes oor Jesus getuig.

1. Bid en lees dan Johannes 1:1, 14-15.
2. Slaan die Griekse woord na wat as "unieke" vertaal word. Hoe help dit jou om vers 14 se betekenis te verstaan?


© 2025 Precept South Africa

3. Hoe help Lukas 1:5-36 jou om Johannes 1:15 te verstaan?

4. Het jy opgemerk dat die woord *genade** herhaaldelik in Johannes 1:14-17 gebruik word?

   a. As jy nie weet wat "genade" beteken nie, slaan dit na.

   b. Merk dit as jy dit nog nie gemerk het nie en maak 'n lys van wat hierdie verse oor genade sê.

5. Wat sê vers 17 oor die Wet

6. Kom ons lees Matteus 5:17-19, 'n ander weergawe van wat Jesus oor sy verhouding met die Wet gesê het.

7. Kom ons kyk nou na God die Vader in Johannes 1:14-18. Wat sê hierdie verse oor Hom?

© 2025 Precept South Africa

8. Hoe help die bestudering van Johannes 1:1-18 se inhoud oor die Vader se unieke Seun jou om die Vader beter te verstaan? Lees hierdie verse weer sorgvuldig deur en teken enige insigte aan.

9. Nou is dit tyd vir ’n paar toepassingsvrae oor vers 1-18. Bring tyd saam met die Vader deur in jou soeke na antwoorde op hierdie vrae.

   a. Ken jy die Vader se unieke Seun, die Woord wat vlees geword het? Het jy Hom aanvaar? Glo jy in sy Naam? Hoe weet jy?

   b. Volgens vers 6-7 het die Vader Johannes gestuur om te getuig. Getuig jy oor die waarheid aangaande Jesus sodat ander kan glo? Hoe?

   c. Vra die Vader hoe jy Hom kan duidelik maak deur Jesus aan mense voor te hou.


© 2025 Precept South Africa

d. Hoeveel betrekking het genade op jou lewe? Hoe betoon jy genade aan ander?

10. Dit is altyd 'n goeie idee om te kyk wat ander godvresende mense tydens hulle bestudering van God se Woord ontdek het. Maar doen dit eers nadat jy die Woord self bestudeer het. Jy kan nou lees wat kommentare in hul inleiding oor die skrywer en sy doel sê, en hoe hulle die eerste 18 verse van die Evangelie volgens Johannes toelig. Skryf gerus enige insigte neer wat jou help om Johannes 1:1-18 beter te verstaan.

*Ons dank God vir 'n ieder en 'n elk van julle wat hierdie kursus onderneem. Jy help ons om uitvoering te gee aan 2 Timoteus 2:2 – om dit wat God ons geleer het aan betroubare mense soos jy oor te dra.*

© 2025 Precept South Africa

# BYLAAG

# JOHANNES 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ____________________________________________

In die begin was die Woord,
en die Woord was by God,
en die Woord was God.
2 Hy was in die begin by God.
3 Alles het deur Hom ontstaan,
en sonder Hom het selfs
nie een ding wat bestaan,
ontstaan nie.
4 In Hom was lewe,
en dié lewe was die lig vir die mense.
5 En die lig skyn in die duisternis,
en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

**6** Daar was ’n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.
7 Hy het tot ’n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom
kon glo.
8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

**9** Die ware lig wat elke mens verlig,
was aan die kom na die wêreld.
10 Hy was in die wêreld,
en die wêreld het
deur Hom ontstaan,
en tog het die wêreld
Hom nie erken nie.
11 Hy het gekom na wat syne was
en tog het sy eie mense
Hom nie aanvaar nie.

© 2025 Precept South Africa

12 Maar aan almal wat Hom
aanvaar het,
het Hy die reg gegee
om kinders van God te word –
hulle wat in sy Naam glo.
13 Hulle is nie uit bloed nie,
ook nie uit liggaamlike drang nie,
ook nie uit die wil van 'n man nie,
maar uit God gebore.

**14** En die Woord het vlees geword
en onder ons kom woon,
en ons het sy heerlikheid aanskou,
'n heerlikheid soos dié
van die unieke Seun van die Vader –
vol genade en waarheid.
15 Johannes getuig oor Hom en roep uit: "Hý is die Een van wie ek gesê het,
'Hy wat ná my kom, is my voor, omdat Hy die eerste was.' "
16 Uit sy volheid het ons almal genade ontvang – ja, genade op genade.
17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus
Christus gekom.
18 Niemand het God nog ooit gesien nie; die unieke Seun, self God, wat teen
die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend kom maak.

**19** En dit is die getuienis van Johannes toe die Jode priesters en Leviete uit
Jerusalem na hom gestuur het om hom te vra: "Wie is u?"
20 Hy het verklaar, dit nie ontken nie, maar openlik verklaar: "Ek is nie die
Christus nie."
21 Hulle vra hom toe: "Wat dan? Is u Elia?" En hy sê: "Ek is nie." "Is u dié
Profeet?" En hy antwoord: "Nee!"
22 Hulle sê toe vir hom: "Wie is u? Ons moet 'n antwoord verskaf aan hulle wat
ons gestuur het. Wat het u oor uself te sê?"


© 2025 Precept South Africa

23 Hy antwoord toe,
“Ek is ‘die stem van een
wat uitroep in die woestyn:
“Maak die pad van die Here
reguit!”’ –
“soos die profeet Jesaja gesê het.”

**24** Daar was ook afgevaardigdes uit die geledere van die Fariseërs,
25 en hulle het hom gevra: “As u nie die Christus of Elia of die Profeet is nie, waarom doop u dan?”
26 Johannes het hulle geantwoord: “Ek doop met water, maar in julle midde staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie.
27 Hy is die Een wat ná my kom, en ek is nie werd om die riempies van sy sandale los te maak nie.”
28 Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was om te doop.

**29** Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: “Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!
30 Hy is die Een van wie ek gesê het, ’ná my kom ’n Man wat belangriker as ek is, omdat Hy voor my was.’
31 Ook ek het Hom nie geken nie, maar juis daarom het ek gekom en doop ek met water, sodat Hy aan Israel bekend gemaak kan word.”
32 En Johannes het getuig: “Ek het die Gees uit die hemel sien neerdaal soos ’n duif, en Hy het op Hom gebly.
33 Ook ek het Hom nie geken nie, maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het vir my gesê, ‘Hy op wie jy die Gees sien neerdaal en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’
34 En ek het gesien en getuig, ‘Hy is die Seun van God.’ ”

**35** Die volgende dag het Johannes en twee van sy dissipels weer daar gestaan.
36 Toe Jesus verbyloop, het hy stip na Jesus gekyk en gesê: “Kyk, die Lam van God!”
37 Die twee dissipels het hom dit hoor sê, en hulle het Jesus gevolg.

© 2025 Precept South Africa

38 Toe Jesus omdraai en hulle Hom sien volg, vra Hy hulle: "Wat wil julle hê?" En hulle het Hom geantwoord: "Rabbi" – wat, as dit vertaal word, beteken, 'Meester', "waar bly U?"

39 Hy sê toe vir hulle: "Kom kyk!" Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuisgaan, en hulle het dié dag by Hom gebly. Dit was omstreeks die tiende uur.

40 Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat gehoor het wat Johannes sê, en Jesus gevolg het.

41 Hy het sy broer Simon eerste teëgekom en vir hom gesê: "Ons het die Messias gevind" – dit is, as dit vertaal word, Christus.

42 Hy het hom na Jesus geneem. Jesus het stip na hom gekyk en gesê: "Jy is Simon, die seun van Johannes. Jy sal 'Sefas' genoem word," wat vertaal word Petrus.

**43** Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea te gaan, en toe Hy Filippus teëkom, sê Hy vir hom: "Volg My!"

44 Filippus was afkomstig van Betsaida, die tuisdorp van Andreas en Petrus.

45 Filippus loop toe vir Natanael raak en sê vir hom: "Ons het Hom gevind van wie Moses in die Wet geskryf het, en ook die Profete – Jesus wat van Nasaret kom, die seun van Josef."

46 En Natanael vra hom: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?" Filippus sê vir hom: "Kom kyk!"

47 Jesus het Natanael na Hom sien aankom, en sê toe van hom: "Kyk, hy is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

48 Natanael vra Hom: "Waarvandaan ken U my?" Jesus het hom geantwoord: "Nog voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien."

49 Toe antwoord Natanael Hom: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!"

50 Jesus antwoord hom: "Glo jy omdat Ek jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge sien."

51 En Hy sê vir hom: "Amen, amen, Ek sê vir julle: Julle sal die hemel oop sien en die engele van God wat opstyg en neerdaal op die Seun van die Mens."


© 2025 Precept South Africa

OORSIGWERKBLAD VIR JOHANNES 1–11

**Boektema:**

Skrywer:

Wanneer geskryf:

Doel:

Sleutelwoorde:

| Hoofstuktemas | Segmentindelings: Tekens | Segmentindelings: "Ek is" | Segmentindelings: Bediening aan |
|---|---|---|---|
| 1:1-18 | | | |
| 1:19-51 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| 5 | | | |
| 6 | | | |
| 7 | | | |
| 8 | | | |
| 9 | | | |
| 10 | | | |
| 11 | | | |

© 2025 Precept South Africa

# JESUS

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- **LEES MET 'N DOEL**

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

- Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
- ***Wanneer***?
- ***Waar*** was die Woord?
- ***Wie*** is die Woord?
- ***Wat*** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

- **MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES**

*Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- **LYSTE**

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor die ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

- *was in die begin, v. 1*
- *was by God, v. 1*
- *was God, v. 1*
- *was in die begin by God, v. 2*


© 2025 Precept South Africa

- **MERK EN EVALUEER**

**KONTRASTE** — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is. Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): ⩘.

Johannes 1:17: "*Want die* ***wet*** *is deur Moses gegee; (maar) die* ***genade*** *en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*"

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: "*Hoewel Jesus self nie gedoop het nie,* ***maar*** *sy dissipels …*"

**VERGELYKINGS** — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: =. Let op na die woord *soos . . .*

Johannes 1:14: "*… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid* ***soos*** *dié van die unieke Seun van die Vader …*"

**GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE** — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: ∴.

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: "*Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig,* ***sodat*** *almal deur hom kon glo.*"

**UITDRUKKINGS VAN TYD** — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, ◯. Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van …, in die sterfjaar van.*

Johannes 1:2: "*Hy was* ***in die begin*** *by God.*"

- **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: ***6*** *Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.*
Johannes getuig van die Lig
*7 Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.*
*8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, epos ons by info@precept.org.za.

© 2025 Precept South Africa

## MEER OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ’n verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad – elke dag – deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ’n Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van ’n volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

Glo jy dat die Bybel ’n verskil in mense se lewens maak? Help ons dan om meer mense in God se Woord te vestig. Dra maandeliks by tot die Afrika-land van jou keuse (Suid-Afrika ingesluit) deur precept.org.za/get-involved/support-us te besoek, of doen ’n elektroniese inbetaling vir Precept Africa, Standard Bank-rekeningnommer 271 157 518. Stuur ’n e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

> PRECEPT MINISTRIES
> Standard Bank, Rondebosch Tak
> Rekeningnommer: 078 203 716
> Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET ’N PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2025 Precept South Africa